NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2025

GESKIEDENIS: VRAESTEL II

Tyd: 3 uur 200 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 'n Bronmateriaalboekie van 5 bladsye (i–v). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is. Verwyder die Bronmateriaalboekie uit die middel van die vraestel.

2. Lees die vrae noukeurig.

3. Hierdie vraestel bestaan uit:

   Afdeling A, wat die volgende insluit:
   - visuele ontleding
   - tekstuele ontleding
   - huidige kwessie in die media

   EN

   Afdeling B, wat die volgende insluit:
   - brongebaseerde vrae, wat die Bronmateriaalboekie gebruik
   - kennisgebaseerde vrae

   EN

   Afdeling C, wat die volgende insluit:
   - 'n brongebaseerde opstel, wat die Bronmateriaalboekie gebruik

4. Al die vrae moet beantwoord word.

5. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

6. Laat 'n reël tussen jou antwoorde oop.

7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf. Werk op 'n geordende wyse en bied jou antwoorde so netjies as moontlik aan.

8. Kandidate moet aandag skenk aan die puntetoekenning. Tensy anders vermeld, word twee punte vir 'n geldige feit toegeken. Dit beteken dat 'n vraag wat vier punte tel, twee feite vereis.

9. Gebruik die bronne wat verskaf word om jou antwoorde te formuleer, tensy daar spesifiek opdrag gegee word om jou historiese kennis te gebruik.

N12HIST-1-A

IEB Copyright © 2025

AFDELING A INDIVIDUELE BRONONTLEDING

VRAAG 1 VISUELE BRONONTLEDING

Hier is 'n foto wat wys hoe Solidariteit-stigtersleier, Lech Walesa, op 8 Augustus 1980 werkers toespreek tydens 'n staking by die Gdańsk-skeepswerf in Pole.



[Verkry van: <https://www.dailysabah.com/opinion/op-ed/solidaritys-appeal-the-power-of-unarmed-prophets> (Verkry 9 Januarie 2024)]

1.1 Gebruik jou geskiedeniskennis om TWEE redes te gee waarom Solidariteit in 1980 gestig is. (4)

1.2 Hoe beeld die foto die rol uit wat Lech Walesa in Solidariteit speel? Gee TWEE visuele leidrade om jou antwoord te ondersteun. (6)

1.3. 1.3.1 Gebruik jou geskiedeniskennis om te verduidelik hoe die Poolse regering na sy stigting op Solidariteit gereageer het. Gee TWEE omvattende punte. (4)

1.3.2 Hoe kon hierdie foto deur die Sowjet-regering gebruik word om hul (regering) reaksie te regverdig? Gee EEN punt. (2)

1.4 Sou dit korrek wees om te beweer dat Solidariteit 'n voetsoolvlakbeweging was? Ondersteun jou antwoord met EEN visuele leidraad uit die foto. (4)

[20]

IEB Copyright © 2025

VRAAG 2 TEKSTUELE ONTLEDING

Hier is 'n uittreksel uit 'n verklaring wat ANC-president Nelson Mandela op 26 September 1992 uitgereik het oor 'n vergadering tussen die ANC en die NP-regering.

Ten slotte, met betrekking tot die grondwetlike proses wat in Junie vanjaar gestaak is, is daar vandag in die gesamentlike Rekord van Verstandhouding saamgestem dat ons dringend na 'n tussentydse regering van nasionale eenheid en 'n demokraties verkose grondwetgewende vergadering moet beweeg. Slegs deur hierdie doelwitte te bereik, sal daar uiteindelik blywende vrede in hierdie bloeddeurdrenkte land kan wees. Die punte van ooreenkoms wat in die Rekord van Verstandhouding uiteengesit word, is 'n belangrike stap vorentoe om die CODESA 2-dooiepunt te verbreek. **(Paragraaf 1)**

Daar is vanselfsprekend nog baie werk om te doen om hierdie proses af te handel. Vir hierdie doel het die beraad ooreengekom dat ons en die regering intensiewe bilaterale (gesprekke) moet voer ... om uitstaande kwessies op te los … **(Paragraaf 2)**

Dit is nou die plig van alle Suid-Afrikaners om te verseker dat ons pogings vandag en die opofferings van so baie nie tevergeefs is nie. Laat ons met moed, eerlikheid en vasberadenheid vorentoe beweeg om voort te bou en die grondslag te konsolideer wat by vandag se beraad gelê is om 'n vreedsame, regverdige en demokratiese Suid-Afrika te skep. **(Paragraaf 3)**

Daar is geen rede waarom 'n politieke skikking nie binne 'n betreklike kort tyd bereik kan word nie. Dit sal die pad na vrede baan. Dit sal die pad baan vir die ekonomiese herstel waarna ons almal smag. Maar ons sal dit slegs kan bereik as alle partye en al ons mense, swart en wit, Suid-Afrika eerste stel. **(Paragraaf 4)**

[Aangepas van: <http://www.mandela.gov.za/mandela_speeches/1992/920926_ancnp.htm.> (Verkry 5 Januarie 2024)]

2.1 Gebruik die bron om te verduidelik waarom die Rekord van Verstandhouding so 'n belangrike ooreenkoms gedurende die vroeë 1990's was. Gee TWEE punte. (4)

2.2 Gebruik Paragraaf 3 en 4 en verduidelik hoe Nelson Mandela gewone Suid-Afrikaners aangemoedig het om die demokratiese proses te ondersteun. Gee DRIE punte. (6)

2.3 Soek 'n historiese konsep of naam in die bron wat die beste by elk van die volgende beskrywings pas. Skryf slegs die historiese konsep neer.
(Geen verduideliking word benodig nie.)

2.3.1 'n Koalisie van groot politieke partye wat saamkom om 'n nuwe regering te vorm. (2)

2.3.2 Die vergadering van verskeie groot politieke partye in Suid-Afrika om die koms van demokrasie in Suid-Afrika te onderhandel. (2)

2.4 Hoe nuttig sal hierdie bron wees vir historici wat die koms van demokrasie in Suid-Afrika in die vroeë 1990's bestudeer? Ondersteun jou antwoord met TWEE punte. (6)

[20]

IEB Copyright © 2025

VRAAG 3 HUIDIGE KWESSIE IN DIE MEDIA

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n artikel wat op 16 November 2023 deur Kimberly Mutandiro geskryf is. Dit is getiteld *"Ons is terug": Khulumanio-pensioentrekkers slaap buite die Konstitusionele Hof*. Dit lewer kommentaar oor 'n groep van 50 pensioenarisse wat buite die hof betoog omdat hulle glo dat hulle apartheid-herstelbetalings verskuldig is.

Sowat 50 bejaardes slaap sedert 2 November buite die Konstitusionele Hof en eis herstelbetalings vir misdade wat tydens apartheid gepleeg is. Die groep sê die regering het nie hul bekommernisse aangespreek nie. Party beweer hulle het beserings opgedoen tydens konfrontasies met apartheidspolisie en dat hulle steeds koeëls in hul lywe het. Ander beweer hulle het geliefdes verloor of is uit hul huise verjaag. Die betogings kom al jare lank sporadies* voor. **(Paragraaf 1)**

Die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) … is die taak opgelê om slagoffers te identifiseer en te bepaal wie vir herstelbetalings kwalifiseer. Die WVK-verslag het 'n lys van 21,000 mense ingesluit. Dit is later verlaag tot 17,000 mense wat vir herstelbetalings in aanmerking kom … almal wat aansoek gedoen het en in aanmerking gekom het, het die R30,000-toelaag ontvang, behalwe 13 persone, van wie sewe bevestig is dat hulle oorsee woon. **(Paragraaf 2)**

Die Departement van Justisie beskou die proses as afgehandel, maar die betogers wil hê dit moet heropen word … Volgens Chrispin Phiri, woordvoerder van die Departement van Justisie, het die meeste mense van die groep wat na vore gekom het, nie aan die kriteria voldoen wat deur die WVK gestel is nie. "Herstelbetalings is slegs vir WVK-slagoffers. As jy na die Waarheids-en-Versoeningskommissie gegaan het en jou storie aan hulle vertel het, sou jy 'n nommer ontvang het. Party mense het nie 'n WVK-nommer gehad nie, wat die enigste manier is waarop ons kon identifiseer of iemand 'n WVK-slagoffer was of nie. Ons mandaat as 'n departement is beperk tot mense wat slagoffers van growwe menseregteskendings was, soos in die wet gespesifiseer." Volgens Phiri kan diegene wat nie vir die eenmalige betaling kwalifiseer nie, steeds by gemeenskapsrehabilitasieprogramme baat. **(Paragraaf 3)**

[Uit: <https://www.news24.com/news24/southafrica/news/the-government-has-been-dodging-us-pensioners-sleep-outside-court-demanding-apartheid-reparations-20231116> (Verkry 11 Februarie 2024)]

* sporadies – van tyd tot tyd.

3.1 Gebruik jou geskiedeniskennis en gee TWEE doelwitte van die Waarheids-en-versoeningskommissie wat nie in die bron genoem word nie. (4)

3.2 Noem TWEE redes van die betogers om hul eise vir herstelbetalings te regverdig. (4)

3.3 Gee TWEE redes van die regering om te regverdig dat die betogers se eise vir herstelbetalimgs nie betaal word nie. (4)

3.4 Kan hierdie artikel as bevooroordeeld beskou word? Verduidelik jou antwoord met EEN punt. (4)

3.5 Kan die Waarheids- en versoeningskommissie suksesvol beskou word in die verskaffing van vergoeding aan slagoffers van apartheid? Verduidelik jou antwoord deur die bron te gebruik. (4)

[20]

60 punte

IEB Copyright © 2025

AFDELING B BRONGEBASEERDE VRAE

Bestudeer die bronne in die Bronmateriaalboekie en beantwoord dan die volgende vrae:

Verwys na Bron A

4. Wat is die outer se mening oor Savimbi? Ondersteun jou antwoord met TWEE bewyse uit die bron. (6)

Verwys na Bron B

5. Hoe beeld die spotprenttekenaar die verhouding tussen Jonas Savimbi en die Suid-Afrikaanse regering uit? Ondersteun jou antwoord met EEN visuele leidraad. (4)

6. Gee EEN beperking van hierdie spotprent as historiese bewys. (2)

Verwys na Bron A and B

7. **Beantwoord WAAR of ONWAAR, en gebruik Bron A en B sowel as jou geskiedeniskennis. Geen verduideliking word benodig nie:**

   7.1 Die Verenigde State van Amerika het UNITA tydens die Angolese Burgeroorlog gesteun. (2)

   7.2 Die gewapende vleuel van UNITA is FAPLA genoem. (2)

   7.3 Die skrywer glo dat die hoofoorsaak van die Angolese Burgeroorlog die Koue Oorlog was. (2)

   7.4 Die skrywer van Bron A en die spotprenttekenaar van Bron B het soortgelyke sienings van Savimbi se rol in die Angolese Burger-oorlog. (2)

8. Gebruik bewyse uit Bron A en verduidelik hoe Jonas Savimbi moontlik op die spotprent in Bron B sou reageer het. (4)

Verwys na Bron C

9. 9.1 Gee TWEE maniere waarop natuurlike hulpbronne 'n belangrike rol in die Angolese Burgeroorlog gespeel het. (4)

   9.2 Glo die skrywer van die bron dat natuurlike hulpbronne 'n groter rol as die Koue Oorlog-mededinging in die Angolese Burgeroorlog gespeel het? Ondersteun jou antwoord met EEN bewys. (4)

IEB Copyright © 2025

Verwys na Bron D

10. 10.1 Volgens die bron, wat was die aard van Suid-Afrika se betrokkenheid by Angola? Gee TWEE punte. (4)

10.2 Volgens die bron, wat was die Suid-Afrikaanse regering se doelwit? (2)

11. 11.1 Identifiseer 'n propagandategniek wat in Bron D gebruik word. (2)

11.2 Verskaf EEN aanhaling uit die bron wat jou antwoord op vraag 11.1 hierbo ondersteun. (2)

11.3 Hoe beïnvloed die gebruik van propaganda die betroubaarheid van 'n bron? Verduidelik jou antwoord deur jou geskiedeniskennis te gebruik. (4)

Verwys na Bron D en E

12. Ondersteun die bronne mekaar in terme van hoekom Suid-Afrika by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het? Verduidelik jou antwoord met bewyse uit ALBEI bronne. (6)

Verwys na Bron F

13. **Soek 'n historiese konsep in die bron wat die beste by elk van die volgende definisies pas. Skryf slegs die historiese konsep neer. (Geen verduideliking word benodig nie.)**

13.1 Om selfbeskikking te bereik en vry van buitelandse beheer te wees. (2)

13.2 'n Gewapende konflik in 'n land waarby opponerende groepe binne dieselfde land betrokke is. (2)

13.3 'n Politieke standpunt wat konserwatiewe waardes verkies en sterk klem op nasionale identiteit lê. (2)

13.4 'n Groep of individu wat sterk met hul eie land se belange identifiseer en soewereiniteit ondersteun. (2)

Verwys na Bron E en F

14. Gebruik Bron E en F om die volgende te verduidelik:

14.1 Die rol wat Portugal gespeel het om die Angolese Burgeroorlog te veroorsaak. Gee TWEE punte. (4)

14.2 Die rede waarom magsdeling tussen die Angolese bevrydings-bewegings onsuksesvol was. Gee TWEE punte. (4)

IEB Copyright © 2025

Verwys na Bron G

15. Gebruik jou geskiedeniskennis om te verduidelik hoekom Kuba by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het. Gee TWEE omvattende punte. (4)

16. Hoe beeld die foto die verhouding tussen die Kubaanse magte en die MPLA-ondersteuners uit? Ondersteun jou antwoord met verwysing na TWEE visuele leidrade. (6)

17. Hoe kon die Sowjetunie moontlik op hierdie foto gereageer het? Verduidelik jou antwoord met EEN punt. (4)

Verwys na Bron H

18. Hoe het die wêreld se siening van die Angolese Burgeroorlog verskil van die siening van die meerderheid Angolese? (4)

19. Hoe het die mededingende groepe wat by die oorlog betrokke was, lojaliteit van die burgerlikes wat hulle beheer het, verkry? Gee TWEE punte. (4)

90 punte

AFDELING C BRONGEBASEERDE OPSTEL

VRAAG 20

Gebruik Bronne A tot H in die Bronmateriaalboekie om 'n brongebaseerde opstel oor die volgende onderwerp te skryf:

In watter mate was die Angolese Burgeroorlog die gevolg van buitelandse inmenging?

Maak seker dat jy die bronne wat verskaf word, gebruik om jou argument saam te stel en onthou om die bronne per letter te erken.

50 punte

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2025